


Werk met byvoeglike naamwoorde


Gebaseer op die storie *Vuyo en Unam*

Lees die eerste twee paragrawe van die storie oor Vuyo en Unam. Maak seker dat jy al die woorde wat voorkom, verstaan. Skryf dan die korrekte antwoorde neer op die werkblad wat volg.

Vuyo en sy familie wat uit twee ouer broers en 'n jonger suster bestaan, woon in die Oos-Kaap, aan die voet van die magtige Drakensberge. Rondom hulle dorpie is golwende graslande en hoë berge en dit is moeilik om daar te stap. 'n Gewone motor sal op die skurwe gruispaaie sukkel en 'n 4x4, of selfs 'n bakkie, is buite die bereik van die familie. Maar hulle reken hulle het die beste vervoermiddel wat 'n mens kan hê, want hulle is geseën met 'n donkie met die naam Unam. In Xhosa beteken dit 'Hy is saam met my'.



Unam is 'n klein, grys donkie. Hy is so getrou soos net donkies kan wees. Hy is ook sterk en trek die karretjie waarmee die hele familie hulle sake doen. Dit sluit in om die grond te bewerk, inkopies te doen, 'n muur te bou en om produkte mark toe onder in die vallei te neem. Hulle gebruik Unam en sy karretjie vir alles.



Byvoeglike naamwoorde

'n Byvoeglike naamwoord is 'n **woord wat 'n selfstandige naamwoord beskryf**. Dit **vertel ons meer** oor die selfstandige naamwoord wat die ding of voorwerp in 'n sin is. Byvoorbeeld, 'magtige Drakensberge'. 'Magtige' is die byvoeglike naamwoord en 'Drakensberge' is die selfstandige naamwoord (eienaam). 'Magtige' gee ons meer inligting oor die berg. Die byvoeglike naamwoord vertel vir ons dat die berge groot is en nie misgekyk kan word nie.

Aktiwiteit

1. Skryf die byvoeglike naamwoorde uit die storie, wat die grasheuwels en die paaie beskryf, neer.

..... graslande paaie

2. Kies jou eie byvoeglike naamwoord uit die lys hieronder, wat ook die graslande en die berge kan beskryf. Kies versigtig; nie al die woorde is byvoeglike naamwoorde nie.

lang wolke groen hoë mis pers puntig plat

..... graslande berge

3. Onderstreep die **byvoeglike** naamwoord (twee keer) en sy maat, die **selfstandige** naamwoord, (een keer) in die volgende sin.

Hulle het gedink hulle het die beste vervoermiddel wat 'n mens maar kan hê.

4. Vind drie byvoeglike naamwoorde in die storie wat vir ons meer oor die donkie Unam vertel.

.....

5. Vul twee van jou eie byvoeglike naamwoorde om die onderstaande sin te voltooi in

Ek het 'n donkie.